Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Jorrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Jorrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 18 JULIE 1845. No. 34.

# WAS NOG NOOIT SO HOOPVOL VIR TOEKOMS


## Genl. Smith Oor Groei Van O.B.-Gedagte

## EIE PERS OM PARTYSKAP TE BEVEG AAN KOM

*„Die moontlikheid om die doel van die Ossewabrandwag te bereik, word makliker, en daarom sien ons uit na die toekoms. Ek was nog nooit so hoopvol as tans vir die saak waarvoor ons stry nie", het genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., verlede Donderdag by geleentheid van 'n O.B.-funksie in Observatory gesê.*

*Genl. Smith het op die onmoontlikheid gewys om 'n volk te red langs die weg van partyskap en verdeeldheid. „Jy moet hom een maak om hom te kan laat wen, en hierdie gedagte is besig om vinnig veld te wen".*

'n Dertigtal Boerejeuglede is op plegtige wyse ingestel deur jeugkomdt. Ben Pienaar, wat 'n kort, passende toespraak tot die lede gerig het. As voorsitter het opgetree hfkomdt.



Die A.K.G.

A. D. Wassenaar, terwyl die vergadering met gebed deur genl. P. D. Rousseau geopen is. Die O.B.-blaasorkes, onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel, het soos gewoonlik mooi musiek gelewer.

Genl. Smith het na die oorlogstoestand verwys wat besig is om verby te gaan. Tydens die oorlog was daar 'n gees van geweld wat ook die O.B. ingesleep het. Hy is met noodregulasies beveg wat op sy beurt weer aanleiding gegee het tot dinge wat ons in normale omstandighede nie as gewens sou beskou het nie. Die oorlog is egter nou agter die rug en ons tree 'n ander tydperk tegemoet waarin daar ander pligte roep. Die koers bly dieselfde, maar ons strydmetode sal anders wees.

### STERKER AS OOIT

Tydens die oorlog is alles in die vermoë gestel om die Ossewabrandwag te vernietig, maar vandag kan ons sê dat hulle nie daarin geslaag het nie. Die O.B. staan sterker as twee of drie jaar gelede. Die hoop vir die toekoms lê dus in die eerste plaas daarin dat die Beweging nie vernietig kon word deur die oorlogsmagte nie. In die tweede plaas het die O.B. getoon dat hy nie net die stryd kon oorleef nie, maar dat hy nog al sy ongevalle dwarsdeur die jare van oorlog gedra het. Hy het meer as £75,000 bestee aan die afhanklikes van vervolgde Afrikaners. Benewens dit het hy nog vir sy eie stryd in bietjie meer as twee jaar £61,000 ingesamel.

Maar dit is nie die stoflike alleen wat hoop gee nie. Dit is die krag van die O.B. se oortuiging en lewensbeskouing wat die swaarste weeg. Mense ver buite die O.B. se grense en selfs vyandiggesindes begin die dinge te aanvaar wat die O.B. deur die oorlogsjare bepleit het. Die onlangse volkskongres in Bloemfontein het hierdie waarheid duidelik geopenbaar. En daarmee is die Ossewabrandwag tevrede. Hy het die bouwerk gedoen en die vrugte word al gesien.

### EIE PERS

Tans is die O.B. besig om die veld voor te berei vir die sneller verspreiding van sy gesonde gedagtes van broederskap en hoederskap.


(Vervolg in kol. 4, bls. 2)

## O.B.-ORKESTE BREI UIT



By geleentheid van die vergadering te Observatory verlede Donderdag, het die Adjunk-K.G. groot lof uitgespreek vir die O.B.-orkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel. Hy het gesê dat hierdie orkes ander gebiede besiel het om Boerejeug-orkeste in die lewe te roep. Daar bestaan reeds een op Rustenburg en een op Brits, terwyl daar onlangs geld ingesamel is vir een in Pretoria. Genl. Smith het ook 'n funksie in Kaapstad in die vooruitsig gestel in die nabye toekoms waarop die O.B.-orkes, Boerejeug en O.B.-wag vertonings sal gee van wat hulle kan doen. Bostaande foto is die Boerejeug-orkes wat verlede jaar op Krugerdag in Pretoria die reuse-optog na die standbeeld gelei het.

VERLANG U NA
Blakende Gesondheid
Sterk Senuwees
'n Mooi Liggaamsbou
en
REUSEKRAG?



JOHAN HEFER

JOHAN HEFER
sal
u opbou van 'n swakkeling tot 'n stoere man
met
SPIERE SOOS YSTER
en
SENUWEES VAN STAAL
Dit maak nie saak hoe sieklik of swak u is nie. JOHAN HEFER se beroemde metodes sal u gesond en sterk maak.

JOHAN HEFER
Bus 3494 KAAPSTAD

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.
Naam ........................................
Adres ........................................

ROELOU BARRY
(EDMS.) BPK.
—o—
GARAGES EN HANDELAARS
—o—
Vir Diens te:
Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Laingsburg — Koebergweg, Brooklyn

NUWE BOEKE

ROMANS:

- Concordia
deur Jac. P. Malan . . . . . . 1/6 posvry.
- As die Grond Roep
deur R. Hendriks . . . . . . 1/6 posvry.
- Die Teken van die Suiderkruis
deur Theo Engelenberg . . . . 5/4 posvry.
- Grille van die Noodlot
deur Paula . . . . . . . . . . . 1/2 posvry.
- Vervloë Drome
1/2 posvry.
- Joey en Haar Dogters
deur Hettie Cillié . . . . . . . . 5/10 posvry.

HERDRUKKE:

- Die Groot Vraag?
T. C. Pienaar . . . . . . . . . 6/10 posvry.
- Gister
C. M. v. d. Heever . . . . . . 8/3 posvry.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
POSBUS 29 — STELLENBOSCH

# WIL VOLK SE BOTTER NA ENGELAND STUUR

## VREEMDE AGITASIE TEN KOSTE VAN ONDERVOEDE UNIE-BURGERS

Daar gaan oral in die land 'n geroep op vir die uitvoer van botter na Engeland. Verlede week is daar in Kaapstad 'n komitee vir die verskaffing van voedsel aan Engeland gestig. By die geleentheid het die burgemeester van Kaapstad selfs aan die hand gedoen dat „die toevoer van voedsel, by voorbeeld botter, na die markte vir 'n week of twee ingekort moet word om dan die surplus na Engeland te stuur". In ander kringe is daar 'n agitasie aan die gang om 'n botterlose week in te voer vir Unie-burgers en die opgegaarde botter dan op staatskoste na Engeland te stuur.

Niemand sal beswaar hê om, indien Suid-Afrika se bevolking behoorlik gevoed is, van sy voedsel af te staan aan ander volke wat dit nodig het nie. Ook sal niemand beswaar maak dat private huishoudings onderneem om van hul eie verbruik af te knyp vir oorsese geskenke nie of dat hulle op vrywillige skaal 'n landswye organisasie op hierdie grondslag organiseer nie. **Maar waar dit 'n feit is dat Suid-Afrika nog lank nie in die behoeftes van sy bevolking kan voorsien nie, dat, volgens 'n hooggeplaaste amptenaar van die Departement van Volkswelsyn, daar 40 persent van ons blanke bevolking alleen onder die broodlyn lewe — om van die miljoene nie-blankes, wat net so 'n reg op die vrugte van ons landsbodem het, nie eens te praat nie — lê die eerste plig van die regering daarin om stappe te doen vir die voeding van sy eie burgers.** Die kolossale uitvoer van ons voedsel tydens die oorlog het reeds ondervoeding op groot skaal teweeg gebring. Wat botter betref, is die posisie op die oomblik juis so dat meeste bemiddelde huishoudings — altans die wat nie op spesiale begunstiging kan staat maak nie — nie meer as drie pond botter per maand in die stede ontvang nie. As hiervan nog 'n kwart teruggehou moet word vir uitvoer, sal ons posisie binnekort swakker wees as dié van Engeland self.

### KUNSBOTTER

Die regering dreig al sedert verlede jaar met 'n fabriek vir die vervaardiging van kunsbotter in ons land. Onder 'n behoorlike staatsbestuur kan daar geen gevaar vir suiwelboere bestaan om uit die mark gestoot te word deur 'n kunsproduk nie. **Daar sal nog baie jare verloop voordat daar genoeg vette in ons land geproduseer word vir almal se gebruik.** Hoe groter die werkgeleentheid word, hoe groter sal die vraag na botter wees, soos die afgelope oorlogsjare juis getuig. **As daar dus vette uitgevoer moet word omdat daar hongersnood in die buiteland is, dan lê dit voor die hand dat die regering hom bepaal by die kunsproduk in die eerste plaas. Laat die nodige voedsel so gou as moontlik vervaardig word sodat daar nie ten koste van die eie volk voedsel die land uitgestuur word nie.**

Tienduisende in Suid-Afrika smag na 'n bietjie botter wat hulle nie kan kry nie. Die plig van die staat is om in sy eie huis te begin met liefdadigheid. En in hierdie opsig wag daar vir hom inderdaad 'n reusetaak.

Daar word aangevoer dat ons die Engelse volk te hulp moet snel omdat ons „veel aan die Britse publiek verskuldig is vir sy brawe houding tydens die oorlog". **Die volk van Suid-Afrika het hom nie minder braaf gedra gedurende al die jare van partypolitieke oorlog in ons land nie.** Mense het in stilte honger gely onderwyl die politici mekaar beveg het. Laat daar ook waardering getoon word vir hierdie uithoudingsvermoë of dit kan dalk 'n breekpunt bereik met gevaarlike gevolge.

## *Durbanse Vroue Teen Botteruitvoer*

Die Bond van Huisvroue in Durban het by monde van hul voorsitster gewaarsku dat daar 'n groter voedseltekort voor die deur staan in Suid-Afrika as verlede jaar. Sy het daarop gewys dat daar reeds in Durban kennisgewings verskyn van „geen botter, geen kaas, geen tee, geen suiker".

Die Durbanse vroue is gekant teen die uitvoer van botter na Engeland solank voedselproduksie in ons land nie grootliks vermeerder word nie.

'n Goeie baaikostuum wat vol motgate gevreet is, kan gered word deur met wol allerhande blompatroontjies en Franse knopies op die gaatjies uit te werk.

## *SPYSKAART VAN POLITIEKE HUMOR VIR DEMOKRATE*

„Ek vind die humor afkomstig van die parlementêre banke te kinderagtig vir kommentaar", skryf 'n leser van Arthur Barlow se weekblad, wat in die jongste tyd sy lesers probeer trakteer het op stuitlikhede uit Hansard. **„As dit die peil is waartoe ons sogenaamde wetgewers daal, dan help die hemel die man in die straat wat hom op hulle moet verlaat vir 'n brood- en botter-beleid. Spaar ons dit tog!" lui dit.**

Hierop antwoord die redakteur in 'n voetnoot: „Die Unie-parlement verskil nie van enige ander parlement nie — dit is trouens baie waardiger as die Britse parlement. **Dit is maar die demokrasie se manier. Of begeer u Hitler se humor bo die van 'n demokratiese politikus?"!!**

Wat die redakteur ontgaan, is dat die volk van sy regering nie humor verlang nie — allermins die kinderagtige stuitlikhede van parlementariërs — dog opbouende landsbestuur, m.a.w. regte brood en botter.

(Vervolg van kol. 2, bls. 1)

**Ons amptelike blad het die tweede grootste sirkulasie van alle Afrikaanse blaaie, en binnekort sal ons in elke provinsie 'n eie koerant hê wat vir ons saak in die bresse sal tree. Die tyd is nie meer ver nie dat die O.B. ook agter hom 'n dagbladpers sal hê. Die modernste masjinerie ter waarde van duisende ponde is reeds bestel.**

Dit alles bewys dat die O.B. nie aan die doodgaan is nie, maar dat hy indring op elke terrein van die volkslewe. **Hy gaan nie langer die voetbal wees van die partypolitiek nie. Hy het nou by die stadium gekom dat hy sy mede-Afrikaners gaan oortuig dat elke stem vir 'n partykandidaat — maak nie saak watter party nie — 'n stem is vir volksverdeeldheid.** Die weg van redding lê beslis nie langs partyskappe nie. Jy kan nie jou volk laat wen deur hom verdeeld te hou nie, maar slegs deur hom te verenig in 'n volksfront.

### VOLKSORG NODIG

Die O.B. is ook besig om rigting op ekonomiese gebied te gee. Spr. het onlangs nog in Transvaal gesien hoe dit Afrikaners is wat voorheen die steenkoolplase besit het, wat vandag met swart besmeerde gesigte in die myne moet werk, terwyl uitlanders in blink motors rondry. **Ons leef in 'n tyd van welvaart, maar so baie van ons volksgenote kan nie daarin deel nie. Daarom sê die O.B. dat elke man die geleentheid moet hê om 'n behoorlike bestaan in sy vaderland te maak. Daar moet 'n ewewig tussen die rykdomme wees en 'n omvattende volksorg.** Daarvoor het jy 'n staat nodig wat by magte is om te sorg. Maar dit sal jy nooit kry nie onder die huidige stelsel waar willekeurig afgebakende kiesafdelings verteenwoordigers, nie van hulself nie, maar van die een of ander party, na die parlement stuur. **Jy moet 'n stelsel hê waarin die verskillende belange verteenwoordig word. Jy kan nie wynboere deur 'n keelspesialis of koringboere deur 'n advokaat laat verteenwoordig nie. Die boere, die werkers, spoorwegmanne, ens. moet elk hul eie leiers uitstoot wat hul onderskeie belange sal verteenwoordig.**

Almal wil dit vandag hê, en mense wat tydens die oorlog doof was vir die O.B.-beleid, begin nou te luister na ons boodskap. Dit is 'n gedagte van hervorming of omwenteling, en dit is ons taak om dit tuis te bring by die hele volk, want langs die weg van partyskap en verdeeldheid sal dit nooit in die ewigheid kan gebeur nie.

'N BEROEP

*Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim te stuur na*

*S.A. Hunt, Beenmeel en Kunsmis Maatskappy, Warrenton*

*Ons betaal £7-0-0 per Ton (7/- per 100 lbs.) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat advies-briewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling is dus verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur.*

*ONS VOEDINGSVOORSIENING HANG AF VAN DIE VOORSIENING VAN BEENMEEL*

SOOS ONS
LESERS
DIT SIEN

## Verwelkom Pers Vir Hele Volk

„Gebore Vrystater", dist. Caledon, skryf:

Volksverflentering is 'n voldonge feit! Te meer betreurenswaardig is dit, omdat selfs republikeine in twee kampe verdeel staan! Ek is leser van Die Burger, Die Kruithoring en Die O.B. en is geen lid van die Ossewa-brandwag-beweging nie, maar my volkshart voel diep teleurgesteld en gekwes dat Die Burger, wat van die begin af aan vir die hele volk en die hele Afrikanerdom gestaan, gestry en geveg het, nou die kleinlike en selfsugtige mondstuk geword het van slegs 'n groep van die Afrikanerdom. **Vir my kom dit daarop neer dat 'n politieke party bokant die belange van die Afrikanervolk gestel word. Die Burger bepleit eenheid binne 'n volksgroep, terwyl u blad eenheid in die groot volksgeheel bepleit.** Wat vir my die naarste van alles is, is dat Die Burger deur verswyging van nuusberigte van volksbelang, onberekenbare skade aandoen, en nie sy lesers 'n kans gee om objektief oor gevoelens en gedragslyne in ons toekomsbepalings te dink en te handel nie. Dat die Nasionale Pers onverbiddelik en herhaaldelik geweier het om betaalde Noodhulpfonds-advertensies te plaas in belang van Afrikanermoeders en -kinders, van wie die vaders in interneringskampe beland het, is vir my 'n vuil smet en klad op die woestyngeskiedenis van die Afrikanerdom se stryd teen Empaaier-dwingelandy. Waar is dan die inspirasie en gevoel van die „Goeie Samaritaan?" Ek hou my daarvan oortuig dat die God van die Afrikanerdom 'n God van Eenheid is.

### PERSKOR

Ek sien dat Perskor tot stand gekom het, waaruit ook 'n dagbladpers gebore word. Waar dit my voorkom asof Perskor vir die hele Afrikanerdom sal staan, vertrou ek dat hy geseën sal word om sy taak van volkseenheid nie alleen te bepleit nie, maar om hierdie hoogste ideaal te help verwesenlik. Ek het nog nooit my geld in persbelange belê nie, maar die eerste geleentheid wat ek kry om van my geldjies in Perskor te belê, sal te baat geneem word. Ek wil geen diwidende vir my beleggings ontvang nie, want „volkseenheid" sal aan my gemoed en volksgevoel 'n honderd persent diwidend besorg.

**Ek het my ook vir lange jare bevuil met die partypolitieke kleinsielігheid en opportunisme, maar met hierdie jakkalsstertswaaiery is ek vir ewig klaar!**

Geweld sal ek nooit pleeg nie, maar ek sal ook geen duimbreed van my gemoedsbeginsels vir die HELE VOLK afwyk nie. Mag ek uiteindelik die wens uitspreek dat Perskor se dagbladpers nooit enige mening van enige van sy lesers vir publikasie sal weier nie — in teenstelling met die partypolitieke pers. Hoeveel van my menings as leser na laasgenoemde net al die snippermandjie as graf gevind?

---

**Die Kaapstadse mannekommando** het Vrydagaand onder leiding van komdt. H. Nieuwoudt 'n funksie gehou met die oog op fondse vir 8 Augustus. Die bedrag van £12 is ingesamel. Mnr. De Villiers Truter het die opening waargeneem.

# Dis die Tyd—Dis die Kans — Oproep i/s O.B.-Dag

*Die Adjunk-K.G. en Organisasieleier, genl. J. A. Smith, rig onderstaande oproep aan die offisiere en brandwagte:*

*Die O.B. het die afweerstryd gewen.*

*Hy kon nie deur al die magte wat teen hom staan en alle kragte wat ingespan is, verslaan word nie.*

*Hy het seëvierend die oorlog deurgemaak.*

*Die kommando's met hul offisiere en brandwagte kan staande bly. Die organisasie is in stand gehou, versterk en gewortel, danksy die skietgoed, die V-wapens wat brandwagte en hul offisiere vir 8 Augustus elke jaar gemaak het!*

*NOG EEN GROOT INSPANNING HIERDIE KEER, DAN IS DIE WA OOR DIE BULT. DAN GAAN DIT AFDRAAND OM 'N BIETJIE TE GAAN UITSPAN. DAN ROL DIE PERSE. DAN PRAAT U EIE BLAAIE, DIE KLEIN EN GROFGESKUT OP DIE VYAND.*

*Nog een groot en uiterste poging deur AL die offisiere en brandwagte, die grootste, en die O.B. gaan met vinniger treë die finale oorwinning tegemoet.*

*DRINGEND IS DUS MY OPROEP VIR ALMAL OM HIERDIE KEER DIE GROOTSTE POGING VAN ALLE TYE MET 8 AUGUSTUS TE DOEN, ELKE MAN, VROU EN KIND.*

*DIT MOET DIE GROOT STORMLOOP HIERDIE KEER WEES.*

*Voor lê die koers en pad nou na hierdie afgelope oorlog duidelik, helder en seker wa-wyd oop! Een mylpaal is verby; 'n tweede lê voor.*

*DIS DIE TYD. DIS DIE KANS. DIS DIE KOERS.*

*DIE VRYHEID ROEP!*

*Deegliker organisasie, harder werk, groter inspanning word vereis vir 8 Augustus.*

---

## Min. Lawrence Lê Grafsteen van 'n Nul


Op 'n paar weke na is dit nou presies twee jaar gelede dat min. Harry Lawrence die bou van „30,000 huise in die eersvolgende twaalf maande" in die vooruitsig gestel het. Dit was 'n kabinetsbesluit, het hy gesê. Verlede Woensdag is berig dat min. Lawrence die hoeksteen gelê het van die eerste van 3,000 huise wat in die loop van die volgende twaalf maande in Johannesburg gebou sal word. Slegs een nulletjie het in die loop van 23 maande verlore geraak — maar daarmee ook die hoop op 27,000 huise.

Heel beskeie in vergelyking met sy wilde beloftes van twee jaar gelede, het die min. Lawrence in die loop van sy toespraak aangekondig dat die Nasionale Behuisingskommissie die oprigting van 6,000 huise dwarsdeur die land ten doel stel. Nietemin hoop hy dat die behuisingsvraagstuk vir blankes binne „12 of 18 maande" opgelos sal word.


---

Die partypolitieke parlement is gefundeer op verdeeldheid — dit vereis minstens twee partye wat teen mekaar veg.

'n Stem vir 'n politieke party is daarom 'n stem vir volksverbrokkeling.


NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275

AANDAG!!!
Vanaf 1ste Junie
handel
SPRINGBOK-MEUBELS
as
UNIKA MEUBELS
(EIENS.) BPK.
Huis en Kantoor-Meubileerders
VIR MEUBELS VAN KWALITEIT EN PRAG
Victoriaweg 171
Woodstock
Takbesigheid:
Jan Phillips-gebou — Lady Greystraat, PAARL — Foon 929

£1000 vir u Oë
Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.
DUWAS
Die Antiseptiese en Helende Oogwas. — 5/- posvry.
'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.
Van alle Apteke, of direk van
DIE VOORTREKKER-APTEEK
KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760).
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).



'n Egte Suid-Afrikaanse Produk
Kry dit by u Handelaar of Apteker
Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 . . . KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 18 JULIE 1945.

# Keer Terug Tot Wet en Orde

Dr. Colin Steyn het weereens gewaarsku teen die optrede van „ondermynende organisasies" en hulle gewaarsku om ná die oorlog nie met hul optrede voort te gaan nie.

Ons is bly om te merk dat dr. Steyn by implikasie 'n grens trek tussen die oorlogse en na-oorlogse optrede van „ondermynende organisasies". Blykbaar beskou hy die dinge van die oorlog as afgehandel — ook die internering van politieke teenstanders. As dit die geval is, sal hierdie uitlating deur die Ossewabrandwag van harte verwelkom word, want ons, wat by uitstek veg teen die wanorde van die partypolitieke demokrasie, is wel deeglik bewus dat geen gemeenskap gedien kan word in 'n toestand van anargie en gewelddadigheid nie.

Vir geweld en „ondermyning" wat in die afgelope jare sporadies plaasgevind het, was daar oorsake wat niemand oor die hoof kan sien nie. In die eerste plaas was daar die oorlogstoestand self wat mense anders laat dink en handel het as in vredestyd. Dit was trouens regeringsondersteuners wat by die uitbreek van die oorlog 'n terreur in Johannesburg gestig het vir elke eienaar van 'n Duits-gefabriseerde motor, en dit was regeringsondersteuners wat universiteite en koerant-geboue aangeval het. In tyd van oorlog word daar anders gehandel as in tyd van vrede. Dit is by uitstek 'n tyd van geweld.

## REGERING SE VOORBEELD

Ook die regering self het ruimskoots in hierdie gees gehandel. Die noodwette en -regulasies wat b.v. veroorsaak het dat 'n man jarelank opgesluit kan word omdat hy Duff Cooper „beledig het", en wat ons regstelsel tot in die middeleeue teruggewerp het waar 'n persoon onverhoord en sonder aanklag van sy vryheid beroof kan word solank dit die owerheid behaag, is gewelddade wat in tyd van oorlog miskien nog verklaar kan word, maar wat in vredestyd 'n onhoubare posisie skep vir die samelewing. Hierdie noodregulasies is ondermyning van die ergste graad, want dit het aanleiding gegee dat mense die landswette leer verag het en dat jongmanne die brandmerk van die tronk gekry het in gevalle waar hulle b.v. met 'n agressiewe matroos gebots het. En hoe meer die regering geweld gepleeg het teen burgers van die land, hoe meer het daar ook ongelukkige reaksies gevolg by persone wat in verset teen die misbruik van mag gekom het, en hierdie reaksies sal blykbaar aanhou en toeneem — want een oortreding baar 'n tweede — totdat die regering van sy kant die wet begin handhaaf.

## LAAT HOM BEGIN

Dit lê op die weg van dr. Colin Steyn om 'n einde te maak aan 'n toestand van wanorde en geweld wat slegs kan lei tot die verknoeiing van 'n baie groot deel van ons volk. Laat hy die onwettige vervolging van landsburgers staak, en hy sal in die Ossewabrandwag 'n bondgenoot vir wet en orde vind. Want die Ossewabrandwag is wel deeglik bewus van die onhoudbaarheid van 'n toestand van kroniese wanorde en geweld. Ons weet dat geweld ook geweld baar, en dat hy wat met die swaard slaan, deur die swaard sal vergaan. Europa is vandag genoegsame bewys om enige twyfelaar se oë oop te maak vir wat die gevolge is van onverantwoordelike gebruikmaking van geweld. En die Ossewabrandwag is die laaste wat daardie toestande na ons land oorgeplant wil sien. Daarom doen hy steeds beroepe op samewerking en stel hy voorop die Christelike beginsels wat die enigste waarborg is vir reg en ordentlikheid.

## WAAK TEEN GEWELD

Die tyd van oorlog is verby en wat daarmee saamhang. Die Ossewabrandwag, wat steeds volgehou het dat ons stryd by uitstek 'n etiese stryd is, is begerig om hom vir wet en orde en geregtigheid te beywer, want die wetsverkragting wat deur baie noodgedwonge gepleeg word, beskou hy ook as gevaarlik en ondermynend vir ons volksedes en maatskaplike lewe as dit moet voortduur. Dog niks kan daarteen vermag word nie tensy die regering die voorbeeld stel deur eerste van sy kant terug te keer tot erkenning van die beginsels van ordentlikheid en geregtigheid.

Ons lewe in gevaarvolle tye en niemand wat die duursame belange van sy volk op die hart dra — regering of opposisie — kan strafloos kragte aan die werk sit wat ons volksmoraal sal uitrafel in 'n dampkring van vuur en swawel nie.

Die parlementêre grondwet vereis dat die volk in minstens twee politieke partye verdeel moet word — regering en opposisie. Politieke partye is dus deel van hierdie verbrokkelingstelsel, en 'n stem vir 'n party is dus 'n stem vir volksverdeeldheid.

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

DIE TAFELBERG-VROUEKOMMANDO
hou op
VRYDAG, 20 JULIE 1945
om 11 v.m.
'N BASAAR
IN DIE KOMITEEKAMER
GROOTE KERKGEBOU, KAAPSTAD.
Koeksisters, Koffie, Brood, Koek, Naaldwerk, ens. Kom bring 'n paar gesellige ure by ons deur.

# Diep Verontrus oor Skending Van Persoonlike Vryheid

## BRIEF IN THE FORUM

**„Die handhawing van die noodregulasies deur die regering, wat aan sy eie burgers die reg van selfverdediging voor 'n ope hof ontsê", beskou 'n leser van die *Forum* as 'n vraagstuk wat aan die wortel van ons vryheid vreet.**

In 'n brief aan genoemde blad verwys die korrespondent na die feit dat 'n soortgelyke regulasie in Engeland beveg is deur vooraanstaande regsgeleerdes en ander denkende persone, en dat met die eerste sitting ná beëindiging van vyandelikhede hierdie maatreël onder toejuiging deur die Britse parlement herroep is.

In Amerika was so 'n maatreël nooit eens oorweeg nie, aangesien in die Amerikaanse grondwet vasgelê is dat geen Amerikaanse burger aangehou mag word sonder 'n billike en behoorlike verhoor nie, behalwe wanneer daar 'n daadwerklike inval of rebellie in die land plaasvind.

„In Suid-Afrika egter," aldus die korrespondent, wat homself Magna Charta noem, „duisende myle van die oorlogstoneel, is nie net Afrikaanse burgers sonder verhoor of ondersoek jarelank aangehou toe enige moontlike gevaar lankal gewyk het nie, maar sommige is selfs na die oorwinning nog aangehou.

„Meeste van die oud-geïnterneerdes is nog sonder hul burgerlike regte en onderhewig aan beperkinge van die noodregulasies. Wat die saak uiters ernstig maak is dat die regering die mag het om selfs vandag iemand aan te hou sonder verhoor.

„Dit gaan my nie hier om die regte of verkeerdhede van die betrokke persone self of ook hul politieke uitkyk nie, maar ek is diep verontrus oor die regering se goëltoere met die ingeskape reg van die enkeling, soos vasgelê in die Habeas Corpus-wet, waarkragtens geen burger opgesluit mag word sonder 'n ope en billike verhoor nie.

„Die opheffing van die Habeas Corpus-wet is slegs geregverdig wanneer die veiligheid van die staat inderdaad bedreig word, en ek glo dat niemand by sy volle verstand sal glo dat ons land se veiligheid in gevaar is wanneer Engeland, wat aan die voorste linie van die oorlog was, die Habeas Corpus-voorregte reeds lank gelede herstel het nie.

Meneer, hierdie spelery met 'n kardinale beginsel van ons lewenswyse is 'n uiters ernstige saak en behoort oorpeins te word deur almal wat die vryheid van die enkeling van waarde ag".

### ROOI STEUNPUNTE ORAL IN EUROPA

Josef Stalin marsjeer nog steeds voort. Verlede week is berig dat Rusland veertien dae tevore ooreenkomste met verskillende Balkanlande gesluit het waarkragtens militêre en vloot-basisse aan hom afgestaan word o.a. in die Middellandse See. Hy ontvang die Adriatiese hawens Fiume en Triëst. (Dit is by die Geallieerdes nog nie eens 'n uitgemaakte saak aan wie Triëst behoort — Italië of Joego-Slawië nie!) Verder word aan hom afgestaan die vlootbasisse by Constanza en Warna in die Swart See naby die Dardanelle, en ontvang hy lugbasisse in Tsjeggo-Slowakye en Hongarye.

VERGADERING
Stadsaal — Kroonstad
10 AUGUSTUS 1945
om 7.45 n.m.
SPREKER:
Genl. J. A. SMITH
Adjunk-Kommandant-Generaal.
ALLE AFRIKANERS WELKOM.
(Omliggende kommando's neem asseblief kennis).

# REISPLAN

*VAN KOMMANDANT-GENERAAL*

## Dr. J. F. J. van Rensburg

*IN GEBIED C*

VREDEFORT .... .... .... .... .... SATERDAG, 4 AUGUSTUS
HEILBRON .... .... .... .... .... MAANDAG, 6 AUGUSTUS
FRANKFORT .... .... .... .... MAANDAGAAND, 6 AUGUSTUS
REITZ .... .... .... DINSDAGMIDDAG, 3 n.m., 7 AUGUSTUS
WINBURG of THEUNISSEN .... .... WOENSDAG, 8 AUGUSTUS
HERTZOGVILLE of WESSELSBRON, DONDERDAG, 9 AUGUSTUS

*Alle belangstellendes welkom!*

# Brief aan My Demokratiese Vriend

## Stelsel van Burgeroorlog Deug Nie

Geagte Vriend, — Die koerante het na die afgelope parlementsitting aangekondig dat daar 5 miljoen woorde tydens die sitting gebesig is, wat 'n rekord is, en dat slegs 48 stukkies wetgewing aangeneem is. Almal stem saam dat dit 'n onvrugbare sititng was, want die belangrikste sake is nie afgehandel nie. Daar is niks gedoen in verband met die veel besproke bestaansbeveiliging nie, niks in verband met die gesondheid van die volk, waaroor 'n parlementêre komitee verlede jaar rapport uitgebring het na twee jaar se arbeid nie, en 'n wet in verband met myntering is terug na die yskas.

Die enigste ingrypende optrede van die parlement was dat hy afstand gedoen het van sy gesag deur volmag aan min. Harry Lawrence te gee vir die bou van huise. Alle koerante het saamgestem dat dit diktatoriale magte aan die Minister verleen.

Die enigste wet van betekenis gedurende die sitting was dus 'n erkenning van eie magteloosheid deur die parlement — 'n erkenning dat hy gedurende vyf oorlogsjare niks kon doen om die behuisingsvraagstuk op te los nie, al het hy verlede jaar 'n wet in dié verband aangeneem. Hy moes diktator-magte afgee aan die regering ten einde die vraagstuk opgelos te kry.

### ARBEID NIE MEER

Jy sal vra waarom dit dan so is, en my antwoord is:

Die parlement is nie meer 'n instrument van arbeid nie, maar hy het onder die partystelsel verval tot 'n instrument vir partypropaganda. Niks word gedoen of gesê in die parlement met die oog op volkswelvaart nie, maar alles is gerig op bevordering van die eie partybelange.

Die regeringspers verwyt die opposisie nou dat hy vir die onvrugbare sitting verantwoordelik is deurdat hy die regering voortdurend in die wiele gery het, en die opposisiepers jubel oor die feit dat die regering niks tot stand gebring het nie. In hierdie onderlinge verwyte lê opgesluit die noodlottigheid van 'n regeringstelsel wat berus op konstitusionele burgeroorlog. Die parlementêre grondwet vereis naamlik minstens twee partye wat die volk voortdurend in 'n toestand van burgeroorlog hou. Die taak van die opposisie is om die regering te beveg, m.a.w. te verhinder dat hy iets groots tot stand bring, en die beloning vir hierdie teenstand is dat as hy die regering magteloos genoeg kan maak, hy oor vyf jaar weer regering kan word om op sy beurt weer magteloos gehou te word deur die nuwe opposisie. Hierdie burgeroorlog verskaf heelwat pret aan die politici wat daarvoor betaal word, en as hulle aan die einde van 'n sitting moeg getwis is, hul salarisse eenpariglik kan verhoog, maar die prys vir hierdie wedstryd betaal die volk.

### WEDSTRYD

Dit moet vir elkeen duidelik wees dat wanneer jy van die bestuur van jou land 'n wedstryd maak tussen twee of meer wedywerende teenstanders, daar nie veel opbou-werk in die algemeen kan plaasvind nie. Elke mededinger streef met alle mag om die wedstryd, wat elke vyf jaar by die stembus gehou word, te wen. Die wedstryd of verkiesing is die allesoorheersende vraagstuk vir elke politikus, en as hy nog 'n beroepspolitikus is, d.w.s. 'n parlementslid wat vir sy bestaan afhanklik is van sy setel, dan is die verkiesing vir hom persoonlik nog 'n lewensaak. Sy vernaamste besorgdheid is dus om homself steeds bo sy teenstander te verhef, en nie om iets vir sy volk te verrig nie.


Dit is in die opposisie se belang dat die regering so min as moontlik vir die volk doen, want dan word die volk kwaad vir die regering en stem volgende keer weer vir die opposisie.

Daarom dat daar nog geen brandende vraagstuk in ons land opgelos is nie, al beveg die partye mekaar nou al vir die afgelope dertig jaar, en al het ons al 'n stuk of tien verkiesings sedert 1910 gehou. So min is die naturelle-vraagstuk opgelos, dat dr. Malan self 'n maand of drie gelede in die parlement gepleit het dat hulle dit nou buite die partypolitiek om moet oplos. En ons armoede-vraagstuk het so toegeneem dat 'n amptenaar van die Departement van Volkswelsyn 'n paar jaar gelede gesê het dat veertig persent van die blanke bevolking onder die broodlyn lewe — d.w.s. 800,000 in vergelyking met die 300,000 waarvan die Carnegie-kommissie in 1933 melding gemaak het.

Die vraagstukke word dus steeds meer en groter, want die volk word nie as geheel ingespan om dit op te los nie, maar word ingespan in afsonderlike oorlogsbendes om mekaar te beveg. Dit is die hooftaak van elke volksgenoot om 'n ander volksgenoot met 'n kruisie plat te loop, in plaas van dat albei saam die vraagstuk platloop. Dit is partypolitiek. Daarom soek die O.B. na volkspolitiek waarin die hele volk sal saamwerk en nie onder mekaar strydvoer nie.

As breiwol in koue water geplaas word en die water dan stadig tot kookpunt verhit en dan gelaat word om af te koel, sal klerasie wat later van die wol gemaak word, nie krimp nie.

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



S. C. LIEBENBERG
van Johannesburg.

Op 26 Maart 1941 in hegtenis geneem te Yeoville waar hy werksaam was as elektrisiën in die Departement van Poswese. Geïnterneer op Ganspan. Op 6 Desember 1941 na Koffiefontein verskuif en eers op 3 Junie 1944 op parool vrygelaat. Tans nog op parool.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# DUITSERS WORD LAND UITGESIT MET NIKS

Die regering het besluit dat alle Duitse geïnterneerdes in die Unie wat twee jaar gelede 'n vorm onderteken het waarin hulle toegestem het om na die oorlog gerepatrieer te word, na Duitsland gestuur moet word met hul gesinne en al. Hulle is aangesê om te eniger tyd gereed te wees. Sedert die ondertekening van die vorms het talle Duitsers en hul afhanklikes vertoë tot die regering gerig om in die land te bly. Daar is egter niks aan te doen nie. Met blinde hartvogtigheid handhaaf die regering sy besluit. **Wat meer is, hierdie Duitsers sal nie toegelaat word om hul besittings saam te neem nie — net die allernodigste word hulle gegun. Dit beteken dat hierdie mense soos armlastiges afgelaai gaan word in 'n land waar 'n hongersnood miljoene in die gesig staar.**

Inmiddels is die Regeringsparty in Suidwes met 'n beweging aan die gang om alle nasionaal-sosialistiese Duitsers uit die gebied te laat verban. Die Duitsers wat agterbly, so word geagiteer, moet belet word om meer as een plaas, meer as een besigheid of meer as 'n sekere aantal vee te besit!

Dit kom dus voor of diegene wat jarelank voorgegee het dat hulle veg teen die vervolging van Jode in Duitsland, op wie beperkinge van hierdie aard geplaas was, nou nie skroom nie om dieselfde dinge te bepleit teen mense wie se enigste oortreding was dat hulle bloedverwante is van 'n verslane vyand.

# Vir die Boerejeug

## Teregstellings In Die Maand Julie

Herman Louw van Alheit skryf:
Ek verjaar op 16 Julie, en reken dat die maand Julie vir ons volk van groot betekenis is. Op 9 Julie is 'n groot aantal inwoners van Middelburg bymekaar geroep om die vonnis van F. A. Marais te hoor. Op 10 Julie 1901 is hy tereggestel. Op 15 Julie 1901 is J. P. Coetzee tereggestel op Cradock. Op 20 Julie 1901 is P. W. Kloppert tereggestel op Burgersdorp. Op 24 Julie 1901 is C. Classens tereggestel op Somerset-Oos, en 24 Julie 1901 is H. L. Jacobs en A. C. Jooste tereggestel op Kenhardt.

Wat vir my die swaarste is, is dat die bewoners van die omtrek op die vonnisdag bymekaar geroep is om die doodvonnis van hul mede-Afrikaners aan te hoor.

*Oud-leerlinge van en Belangstellendes in*

*REDDERSBURG-SKOOL!*

Sal u asseblief u adres en die adresse van soveel ander oud-leerlinge wat u ken, stuur aan:

D. A. LAMBRECHTS,
Skoolhoof,
Hendrik Potgieter-Hoërskool,
REDDERSBURG.

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS

*U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER*

Steyns

*DIE DAMESWINKEL*
PAROW

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| Gemmer | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse tipes) | 2/9 per gell. in 4-gell. blikke | — |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# Soldaat Moet Spekulant se Oorwinsbelasting Betaal

Die teruggekeerde soldaat ondervind tans die koue liefde van sy demokratiese en kapitalistiese vriende in wie se belang hy sy lewe in die buiteland gaan waag het. Baie van hulle het teruggekeer om hul gesinne dakloos aan te tref. Een krygsgevangene het sy vrou en kind in 'n waenhuis kom kry. Baie van hulle wat voor die oorlog hul eie huishoudings gehad het, word nou getroos met die vooruitsig om in halfingerigte kasernes te gaan woon in 'n bondel. Diegene wat nog 'n poging aanwend om 'n eie huis te bekom, word skandelik in die nek gekyk deur kapitalistiese uitbuiters vir wie se veiligheid hulle hul lewens gewaag het. So kla een soldaat in die Cape Argus dat hy 'n stuk grond van 'n spekulant gekoop het om 'n huis op te bou. In die kontrak is neergelê dat die soldaat die koste vir transport en „F.P.T." moet betaal. In goeder trou het hy dit so aanvaar, menende dat die „F.P.T." alle normale koste in verband met die oordrag voorstel, wat hy gemeen het nie meer as £15 sou beloop nie. Toe hy moes betaal, vind hy uit dat die „F.P.T." die oorwinsbelasting van die regering beteken wat £60 beloop — 'n belasting wat die spekulant moes betaal vir sy oorwins, maar wat hy nou op die teruggekeerde en daklose soldaat afwentel!

Ook wat werkverskaffing betref, is die soldaat 'n vergete held. Aan meer as 40,000 blanke mans in die leër moet werk verskaf word. Die regering het onlangs 'n vraagbrief aan alle groot werkgewers gesirkuleer omtrent werkverskaffing aan oud-soldate. Van hierdie werkgewers het byna die helfte (veertig persent) nie eens geantwoord nie. Die soldaat het klaar vir hulle geveg en basta verder met hom!

Hierdie behandeling wat die soldaat van sy demokratiese vriende ontvang, sal hom dryf in die arms van die Volksbeweging wat met sy Noodhulpfonds van £75,000 getoon het dat hy sy kamerade nie in die steek laat nie.

# OPPOSISIE IN S.W.A. EET GENADEBROOD

Die Verenigde Party-kongres in Suidwes het verlede week sterk beswaar gemaak teen die onlangse benoeming deur die regering van twee H.N.P.-lede tot lid van die wetgewende raad. Die leier van die party, kol. Hamman, het verduidelik dat hulle reeds by die administrateur beswaar gemaak het teen die benoemings, maar dat die Eerste Minister per kabelgram aangedring het op die benoeming van Nasionaliste. Hulle het daarom besluit om te wag tot genl. Smuts terugkeer, wanneer hulle hoop hy 'n verduideliking sal gee. (Onthou sal word dat die Verenigde Party met die jongste verkiesing 'n paar maande gelede alle setels in die wetgewende raad verower het).

Blykbaar het genl. Smuts dit sy plig geag om in naam van demokrasie self 'n opposisie te benoem nadat die amptelike opposisie by die stembus vernietigend verslaan is.


## SPREKENDE BEWYS . . .

DIE aandele van VOLKSKAS word steeds vinniger deur die publiek opgeneem: 'n sprekende bewys van die groot publieke vertroue wat die Bank geniet. Sedert 1 Maart 1941 — die datum waarop VOLKSKAS tot die handelsbankwese in Suid-Afrika toegetree het — is daar byvoorbeeld op 785,000 VOLKSKAS-aandele ingeskryf waarop 'n bedrag van £559,000 gestort is. Tans is daar nog slegs 93,000 aandele waarop ingeskryf kan word alvorens die gemagtigde kapitaal van £1,000,000 volskryf is. Persone wat nog voornemens is om op VOLKSKAS-aandele in te skryf, word aangeraai om sonder verwyl 'n prospektus aan te vra waarin volle besonderhede uiteengesit is. Sodanige prospektusse is by die Hoofkantoor asook alle takke van die Bank verkrygbaar.

**VOLKSKAS BEPERK**

| | |
|---|---|
| GEMAGTIGDE KAPITAAL ... ... | £1,000,000 |
| INGESKREWE KAPITAAL ... ... | £907,008 |
| GESTORTE KAPITAAL ... ... | £616,543 |

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank

HOOFKANTOOR: SENTRAALSTRAAT PRETORIA


# Slagoffers Van Internering Sê Dankie aan Noodhulpfonds

Mnr. G. Eloff van Johannesburg: Vir twee jaar en tien maande het my vrou gereeld maandeliks hulp vanuit die Noodhulpfonds ontvang, asook verdere steun in verband met versekeringspremies. Gedurende daardie tyd het my vrou moed en besieling uit die Beweging gekry.

Ons dink met dankbaarheid aan die talle volksgenote, baie van wie uit hul gebrek die O.B.-Noodhulpfonds gesteun het.

Die O.B. het diesyne nie in die steek gelaat nie.

Ons bede is dat almal wat nog as gevolg van die Noodregulasies op hierdie wyse getref word, spoedig weer vry mag wees en om so weer in die behoeftes te kan voorsien en aan ons volk te bou, altyd getrou aan ons leuse: My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.

* * *

Mev. M. J. le Roux, Ventersposs: Ek wil vir u almal op Hoofkantoor duisendmaal dankie sê vir die milde ondersteuning wat ek ontvang het. Daar ons binnekort 'n polis trek, dink ek dit sal nie billik van my wees om nog iets te ontvang nie; daar is ander wat dit meer nodig het as ek. Ek hoop en vertrou as my man tuis is, om ook 'n druppel in die emmer water te sit as blyk van dank en waardering. Ons dank God vir 'n organisasie soos die O.B. en bid dat hy staande sal bly tot in lengte van dae.

* * *

Genl. J. C. J. van der Westhuyzen, Koedoeskop: Hiermee wil ek graag my innige dank betuig aan die O.B.-Noodhulpfonds wat soveel vir my en my gesin gedoen het gedurende die tydperk van byna drie jaar. Was dit nie vir u hooggewaardeerde hulp nie, sou diegene wat van ons afhanklik was van ellende moes vergaan. Daarenteen het ons ons gesinne welversorgd teruggevind. Die versekering dat hulle versorg word terwyl ons geïnterneer is, het ons die nodige moed en krag gegee om uit te hou.

Nogmaals ons hartlike dank aan die Noodhulpfonds en al die O.B.-vriende.

* * *

Mev. I. P. Prinsloo, Potchefstroom: Hiermee wil ek my hartlike dank uitspreek vir die verhoogde fonds en kan u verseker dat dit uit die diepste kom. U ken natuurlik my beproefde toestand. Ek kan net die Vader se seën afbid op die Noodhulp, want as dit nie bestaan het, sou my kindertjies en ek, onderwyl die broodwinner in die gevangenis verkeer, seker van ellende moes omkom. Ontvang dus hiermee die hartlikste dank van een van Suid-Afrika se diep beproefde vroue en moeders.

* * *

Mev. W. C. Coetzer, Bramley: Langs hierdie weg wil ek my hartlike dank aan die Noodhulpfonds uitspreek vir die hulp aan my en my familie verskaf gedurende die tydperk van my eggenoot se aanhouding in die tronk en in die interneringskamp.

Dit is nie nodig vir my om verder uit te wei oor wat alles aan ons gedoen was nie, behalwe dat alles wat vir ons behoue gebly het, ons aan die fonds te danke het.

Mag God die stigters, asook die wat so mildelik bydra, ryklik seën.

* * *

Mnr. O. T. H. Seyffert, Kensington: Hiermee wil ek my innige dank uitspreek vir hulp en bystand — geldelik en andersins — aan my moeder, mev. C. J. Seyffert, deur die Organisasie verleen tydens die tydperk van my aanhou te Johannesburg-Fort en die Koffiefonteinse interneringskamp — 'n tydperk van twee jaar.

As oud-geïnterneerde weet ek deur eie ondervinding dat dit een van die grootste bydraes was wat meegehelp het om die moraal van geïnterneerdes hoog te hou, nl. die wete dat ons agterblywendes versorg word en dat hulle nie reddeloos aan die wêreld oorgelaat was nie.

Ook hiermee wil ek die geleentheid te baat neem om die Organisasie geluk te wens op die skitterende wyse waarop hy aan duisende finansiële hulp verleen het en merkbare vordering op alle gebiede ten spyte van oorweldigende teenstand.

* * *

As bostaande briewe gelees word, dan word besef wat onverantwoordelike politici gedoen het toe hulle met fluisterveldtogte mense probeer weerhou het om tot die O.B.-Noodhulpfonds by te dra.

# Aspoesters Van Partybewind

## REDE VIR AFSKEEP VAN POLISIEMAG

**Die Minister van Justisie het verlede week aangekondig dat die polisiemag uitgebrei sal word deur die byvoeging van ses nuwe distrikte, dertig nuwe offisiere en duisend manskappe. Hy het ook die moontlikheid van verhoogde salarisse uitgespreek, maar aangesien besonderhede verstrek is van die reorganisasie van die mag en nie van die verhoging nie, moet aangeneem word dat hierdie aspek nog op die lange baan geskuif word.**

Dit is een van die onverklaarbare dinge van die partypolitieke bewind in ons land waarom daar deur al die jare nog nooit 'n ingrypende poging van regeringskant aangewend is om die polisie se besoldiging op 'n behoorlike peil te bring nie. Die een party-regering het gekom en die ander het gegaan, maar die polisie moes die mees verantwoordelike werk verrig teen die skandelikste vergoeding. Dit spreek boekdele vir die Afrikanerkarakter dat die polisiemag nog so 'n hoë peil van eerbaarheid gehandhaaf het. Dit is veral Afrikanerseuns van die platteland wat hulle vir hierdie werk aanmeld, en dat omkopery by hierdie manne wat 'n armoedige bestaan moet voer, nog geen ingang gevind het nie, is 'n feit wat ons volk met trots kan vervul.

Die enigste — en aanneemlike — verklaring vir die veronregting van die polisie deur die party-regerings is dat hierdie manne, met hul paar duisend in getal oor die hele land versprei, nêrens 'n faktor in 'n verkiesing uitmaak nie. Hul stemme word nie gesoek nie, want dit is nooit deurslaggewend nie, en daarom is daar ook geen erkentlikheid vir hul dienste nie. Vir partypolitici is hulle van nul en gener waarde, want hul stemwaarde in onbeduidend. En daarom word hul getalle uitgebrei — want kieserspubliek eis dit — dog hul salaris bly onveranderd.

# „U HET DIE STRYD GEWEN" SÊ ADJUNK-K.G.

## NUWE LEWE IN BLOEMFONTEIN

Die slaap, waarmee die Bloemfonteinse kommando's vir geruime tyd bevange was, begin te verdwyn. Nuwe lewe begin merkbaar te word, die ledetalle van die kommando's groei en die vertroue is sterk dat die resultate van O.B.-dag hierdie jaar dié van die verlede sal oortref, berig ons korrespondent uit die Vrystaat.

Op die jongste maandelikse saamtrekking van offisiere van die generaalskap op Vrydag, 6 Julie, het ons die eer geniet om Adjunk-K.G. J. A. Smith in ons midde te hê. Hy het, op versoek, 'n oorsig gee van die huidige posisie van ons beweging. Die Ossewabrandwag, aldus generaal Smith, het gedurende byna ses jaar blootgestaan aan die verenigde aanvalle van kapitalisme, parlementarisme en nog baie ismes meer. Geheel alleen (totdat Die Volksblad ons kan meedeel watter bedrag die „Nasionale komitees" ingevorder het, handhaaf ons hierdie bewering) het hy tydens daardie tydperk die afhanklikes van honderde geïnterneerdes, wat meer as 'n paar duisend siele getel het, ondersteun, waaraan tot op datum 'n bedrag van meer as £75,000 bestee is. Behalwe hierdie groot bedrag het die Beweging in die laaste vier jaar nog ruim £69,000 geoffer vir die uitbreiding van die organisasie. Watter enkele Beweging in die land kan aanspraak maak op 'n prestasie soos hierdie, onder ooreenkomstige omstandighede? Maar dis nie die stoflike prestasie van die insameling van £144,000 in vier jaar wat die meeste waarde het nie. Die gees wat daaruit spreek van „een vir almal en almal vir elkeen", die beginsel van nasiediens, wat daarin tot openbaring gekom het, is die dinge wat tel, waardeur ons Beweging sy bestaansreg bewys het.

### SONDER GROND

Nou het die uitslag van die oorlog 'n gevoel van verlamming onder ons mense laat ontstaan. Nie net in ons organisasie nie, maar op elke terrein van die volkslewe, tot in die kerklike lewe toe. Daardie gevoel moet bestry word, omdat dit sonder grond is. U het die stryd reeds gewen. Die grootste gedeelte van die manne wat referate lewer op die kongresse wat hierdie dae in Bloemfontein gehou word, verkondig die beginsels waarvoor ons reeds jare stry. U het gewen — ons beginsels het gewen. Of u en ek self die toepassing daarvan in die praktyk sal sien, is 'n saak wat van minder belang is. Getrouheid aan die ideaal en gehoorsaamheid aan die roeping wat ons ontvang het bring hul eie beloning mee in die vervulling daarvan. Maar ook aan die verwesenliking van die ideaal word aandag gegee. Die beginsels wat ons voorstaan, moet onder die aandag gebring word van al ons volksgenote, wat in staat en gewillig is om te dink. Omdat, behoudens een enkele uitsondering, alle persorgane in die land weier om enige van ons insigte te publiseer, het ons moes besluit om self daarvoor sorg te dra, en is 'n maatskappy, Perskor Beperk, gestig wat die finansiering van drukkerye en uitgewersbesighede sal behartig. Die verskyning van een of meer dagblaaie wat ons ideë propageer, sal onder meer afhang van u ywer en offervaardigheid in die plasing en opneem van die aandele van hierdie maatskappy, wat streng volgens besigheidsbeginsels beheer sal word. Daar is baie werk om te doen — van u word verwag om getrou te wees in daardie werk", het die A.K.G. besluit.

Die bevelvoerende generaal het sy diepe waardering uitgespreek vir die besielende woorde van genl. Smith en hom mede namens sy offisiere die versekering gegee dat Bloemfontein nie weer aan die slaap sal raak nie, maar dat hy by sy volgende besoek 'n generaalskap sal aantref wat besig is om vinnig te groei.

O.B.-dag sal deur die generaalskap gevier word op Saterdag, 11 Augustus. Die dag se verrigtings sal in die Clarendonsaal plaasvind, terwyl om half-agt in die aand 'n openbare vergadering gehou sal word in die Ambulanssaal, waar genl. J. A. Smith as spreker sal optree.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

HOEMARK (Posbus 7185) NEWTON

# REISPLAN

### VAN ADJ.-KOMDT-GENL.,


## Genl. J. A. Smith

### IN GEBIED C

| | |
|---|---|
| EDENBURG .... .... .... .... .... | Donderdag, 2 Augustus |
| FAURESMITH .... .... .... .... .... | Vrydag, 3 Augustus |
| SMITHFIELD .... .... .... .... .... | Saterdag, 4 Augustus |
| MARQUARD .... .... .... .... .... | Maandag, 6 Augustus |
| SENEKAL of FOURIESBURG .... .... | Dinsdag, 7 Augustus |
| FICKSBURG of PAUL ROUX .... .... | Woensdag, 8 Augustus |
| BOTHAVILLE .... .... .... .... .... | Donderdag, 9 Augustus |
| KROONSTAD .... .... .... .... .... | Vrydag, 10 Augustus |
| BLOEMFONTEIN .... .... .... .... | Saterdag, 11 Augustus |

*Alle belangstellendes welkom!*

# Vrystaatse Generaals



Genl. H. A. J. du Toit van Fouriesburg skryf:

Waar ons gekom het aan die vooraand van 'n stryd om lewe en dood, is dit ons heilige plig om meer as ooit te vore vasberade en koersvas voorwaarts te marsjeer onder ons banier, My God, My Volk, My Land Suid-Afrika.

Vir byna die laaste 50 jaar moet die Afrikanerdom gebuk gaan onder die kapitalistiese oorheersing. Ons broers en susters het die stryd onafgebroke gevoer. Was dit tevergeefs? O nee! Die Ossewabrandwag — die vryheidsfakkel — is daaruit gebore, en ons, die draers van daardie fakkel, sal hom brandende hou, al moet ons sterf. Ons sal dit aan ons kinders vertel; hulle sal hom dra tot die eindoorwinning, dit maak nie saak hoe lank dit sal duur nie.

Volhard in die stryd. Lewe die Ossewabrandwag-beleid — „Ek is my broer se hoeder" — uit in u daaglikse lewe.

Dit is 'n geloofstryd, dit is 'n stryd om ons broers en susters uit te help uit die slawerny van armoede en ellende.

Gaan voort met volle geloofsvertroue. Mag God u sterk en getrou maak.

SCHOEMANELLO DRANK...

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissie. | Per gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. .. .. .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne .. | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak .. | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) .. .. | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig .. .. .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen .. .. | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terugbesorg word. Weens bottelskaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

Afgesien van moeilike omstandighede het ons groot voorrade wat ons instaat stel om die kieskeurigste man te voorsien van 'n netjiese pak klere.

VAN ZYLS


DIE KLEREMAKERS

DIE PAARL

*Alombekend vir hul opregte en billike behandeling.*

*Skryf om Maatvorms.*

BESTEL DIREK VAN DIE VERPAKKER




DRINK ALTYD

die Spesiaal Gekweekte SUIWER

CEDERBERG-ROOIBOSTEE

vir GESONDHEID

A. J. MOUTON, GELUKWAARTS, Citrusdal, K.P.

